



OUERBRIEF: AKADEMIE VIR DIE MEDIUM TERMYN-2020

Geagte Ouers, Voogde en Leerders

Sedert Donderdag, na die Minister van Basiese Onderwys 'n klomp aankondigings gemaak het, heers daar meer verwarring as enige iets anders. Die grootskaalse onsekerheid in onderwyskringe, hangende hofsake, onwaarhede en disinformasie stem ouers, voogde, leerders en onderwysers baie onseker. Hierdie skrywe aan u poog dus om, ongeag wat in die media verskyn of by die Departement van Onderwys gebeur, rigting te gee by Hoërskool Swartland.

Soos u reeds deur die media verneem het, sal die skool waarskynlik eers in Junie 2020 vir die senior leerders heropen. Die fokus van die akademie by Hoërskool Swartland verskuif dus nou van 'n korttermyn (APRIL 2020) e-leer strategie na 'n medium termyn (MEI/JUNIE/JULIE 2020) e-leer strategie. Ek het met mnr. Brian de Beer (Akademiese hoof) vergader en ons het vir die medium termyn die volgende aspekte in plek geplaas:

1. KONTROLELYS ("CHECK LIST")

Elke onderwyser sal vir **elke vak en graad** 'n kontrolelys opstel wat sal aandui tot waar die werk afgehandel is. Dit sal ook wys watter lesse op ZOOM / Windows Teams / Powerpoint Presentations ens. aangebied is tot en met Donderdag, 30 April 2020. Die tabel sal ook alle opdragte insluit wat na die leerders gestuur is. Lesse wat op bv. *Google Drive* of *One Drive* gestuur is, se skakel /"link" sal ook aan u gestuur word. Hierdie is die eerste van twee tabelle wat (per vak en onderwyser) aan die ouers/leerders gestuur sal word sodat ouers/ leerders kontrole ten opsigte van tuiswerk kan uitoeven.

2. BEPLANNING VIR MEI 2020

Die beplanning vir MEI 2020 moet in 'n tweede tabel aan die ouers/leerders gestuur word. Die beplanning sal die datums/weke, die temas/hoofstukke sowel as die verwysing na handboekbladsye insluit. Aan die begin van elke maand sal die nuwe beplanning vir elke groep gestuur word.

3. AFRIKAANS / ENGELS

Die opdrag aan die onderwysers, uitgesluit die tale, is dat alle opdragte/aanbiedings ens. in beide tale beskikbaar moet wees en ooreenstem.

4. MEDIUMTERMYN: MEI-JUNIE-JULIE 2020

HSS het op die kort termyn (April 2020) opdragte, voorleggings ("presentations") en aantekeninge aan leerders gegee sodat hulle op hul eie kon voortgaan. Op die medium termyn kan ons **NIE** meer net voortgaan met foto's op 'n Whatsapp of opdragte deur 'n e-pos **NIE**. Al die onderwysers sal oorskuif na lesse wat deur middel van die platforms ZOOM of Microsoft TEAMS aangebied word. Al die lesse sal op **Google Drive (vir ZOOM of Whatsapp)** en **One Drive (vir Microsoft Teams)** gestuur word sodat leerders wat nie data het nie op 'n later stadium hersiening kan doen. Microsoft TEAMS is interaktief en die leerlinge kan vrae stel. Tye vir klasse vir die verskillende grade/vakke kan deur een van die ander Microsoft 365 Apps nl. Calendar bespreek word. Dit sal verseker dat die gr.12's nie op dieselfde tyd Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe aanbiedings kry nie. Indien u steeds vrae het t.o.v. TEAMS of ZOOM, kontak mnr. Brian de Beer asseblief per e-pos. Ouers en leerders moet onthou dat verskillende platforms gebruik gaan word omdat 'n sekere platform meer geskik is vir 'n sekere vak. 'n Les sal ook nie 50 minute lank wees nie, maar kan tussen 5 en 15 minute duur met 'n opdrag wat daarna gegee word. Waar meer as een onderwyser dieselfde vak/graad onderrig, moet alle opdragte, PAT's, lesse ens. presies dieselfde wees.

5. DATA

Ons beseft dat data 'n reuse probleem is. Hier doen ek 'n vriendelike beroep op ouers en leerders, wat onbeperkte toegang tot internet het, om ander leerders te help met die aflaai van werkopdragte, maar steeds op so 'n wyse dat u en u gesin veilig sal bly. Onder Vlak 4 word beweging steeds tot 'n groot mate ingeperk, maar leerders kan medeskoliere help deur lesse op 'n geheuestokkie af te laai en dit vir hulle te gee - veral leerders wat nie naby die skool is nie.

6. LENGTE VAN DIE KURRIKULUM

Uit skrywes wat ons van die WKOD ontvang het, weet ons reeds dat die gr.12-kurrikulum 100% voltooi moet word. Eksamens en die samestelling van die jaarpunt gaan egter wél verander. Die gr. 8-11 kurrikulum gaan waarskynlik tot 80% van die oorspronklike ingekort word, maar ons het nog nie die finale inligting ontvang nie. Die infassing van die grade gaan ook 'n rol speel en dit kan selfs wees dat 80% verlaag gaan word by die gr.8- of 9-groepe.

Tot ons egter die aangepaste kurrikulum ontvang het, is die veronderstelling dat 100% van die kurrikulum vir elke graad voltooi moet word.

7. LEERDERS WAT NIE REAGEER NIE

Alle leerders wat nie reageer op opdragte en die inlewering van take, PAT's ens. nie, gaan persoonlik deur die personeel gekontak word. ***Die personeel sal 'n register hou wanneer 'n leerder of ouer gekontak is en met wie die onderwyser gesels het.*** Die register sal aan die einde van die jaar as bewys dien wanneer puntebesprekings gedoen word.

8. OPLEIDINGSHANDLEIDING VIR MICROSOFT TEAMS

Mnr. De Beer het 'n eenvoudige handleiding saamgestel met skermgrepe ("screen shots") wat die hele proses en die gebruik van Microsoft TEAMS van begin tot einde verduidelik. Ek is seker ons sal almal, na die bestudering daarvan, die proses verstaan en vaardig wees met Microsoft TEAMS. Daar is, sou u verkies, ook baie bronne op Youtube wat u kan raadpleeg om u te help.

9. PROTOKOL VIR LEERDERS

Die veiligheid van die leerders sal ons grootste prioriteit wees wanneer die skool weer heropen. Ek het reeds 'n protokol geskryf wat al die bestaande aspekte van skoollewe sal omkeer, maar wat die veiligheid van die leerders eerste stel. Dié protokol sal met die WKOD-ri glyne gekombineer word.

10. BEPLANNING VIR DIE RES VAN 2020

Die Departement van Onderwys sal ons binne die volgende paar weke van 'n nuwe jaarbeplanning sowel as inligting rakende aanpassings op die kurrikulum voorsien. Die bestuurspan van die skool sal dus eers die skool se beplanning kan doen nádat ons bogenoemde ontvang het. Die voorafbeplanning is egter reeds gedoen.

Dames en Here, ons bekende wêreld wat strek van die hoof se verwelkoming in Januarie tot die laaste rooi streep op 'n matrikulant se antwoordstel getrek is, het skielik verander. Ons is uit die vertroude groef in 'n totaal nuwe wentelbaan geplaas. Ons moet skielik anders dink, nuwe tegnologie bemeester, nuwe inspirasie ontwikkel ... Na meer as 'n maand in grendeltyd weet ek verseker dat geen onderwyser in 'n klas vervang kan word nie. Ons wil u as ouers en die gemeenskap egter verseker dat HSS die leerder se akademie altyd eerste sal stel. Soos nog nooit vantevore nie moet ouers, leerders en onderwysers hande vat tot voordeel van elke leerder in die skool.

Sterkte tot ons mekaar weer sien.

J Schoonraad

6 MEI 2020

